Beste Lidmaat en gesin,

TEMA: Hoe lyk jou liefde?

SKRIFLESING: Johannes 3:16; Openbaring 2:1 -7

'n Mens kom sommer vinnig agter as iemand passievol oor iets is. As hulle daaroor praat, dan hoor jy die opgewondenheid in hulle stem en jy sien sommer dadelik aan hulle gesigsuitdrukkings en lyftaal dat dit iets is wat hulle na aan die hart lê. Party mense kan so passievol wees dat dit aansteeklik is. Na jy na hulle geluister het, voel jy sommer saam met hulle.

Hulle is ook bereid om baie op te offer terwille van die saak waaroor hulle passievol voel. Hulle offer baie keer hulle eie gemak op en ontsê hulleself goed om hierdie passie van hulle te kan uitleef. Hulle laat nie struikelblokke hulle verhinder nie en oorkom dit met 'n innerlike dryfkrag.

Elkeen van ons het gewoonlik 'n paar goed waaroor ons passievol is. Goed wat ons na aan die hart lê en waarvoor ons bereid is om opofferings te maak. Goed wat ons hartsnare roer en wat jy graag meer van te wete wil kom.

Ons vergeet soms dat daar Iemand is wat ook passievol oor jou is en jou innig lief het.
Ons lees en sien reeds in die Ou Testament hoe passievol God is oor Sy kinders. Gaan lees maar net weer 'n teks soos byvoorbeeld Psalm 139. God het hierdie innige liefde kom bewys deur dat Sy Seun Jesus Christus in ons elkeen se plek aan die kruis gesterf het. God het ons so passievol lief dat Jesus bereid was om in ons plek te betaal vir al ons sondes en verkeerdhede.

Ons almal weet ook dat enige verhouding van twee kante af moet kom om 'n gesonde verhouding te wees. Daarom moet ons elkeen mooi gaan dink oor hoe my liefde vir God lyk. Het ek die Here terug innig lief en met passie? Wat se opofferings is jy bereid om te maak ter wille van jou verhouding met God?

Kan ander aan my stem hoor en in my lewe sien dat ek werklik passievol is oor my verhouding met God?

Gebed:
Hemelse Vader, dankie dat U my so innig lief het ten spyte van my foute en tekortkominge. Dankie Jesus Christus dat U hierdie passievolle liefde kom bewys het deur U lewe vir my te gee. Heilige Gees help my om U as Drie-eenheid ook innig en passievol lief te hê. Amen
Vir volledige video boodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Sue Coetzee
Danie Minnaar
Matty (Mathina Snyman se ma)
Carlien Nieuwoudt
Janet Starbuck
Lientjie Steyn
Pieter Van den Bergh se Pa
Heila Van Deventer
Jo Viljoen
Lizzie Van Staden

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Verjaarsdae 75jaar en ouer
Baie geluk aan…

Maartmaand

23ste	-	Chris Mostert
26ste	-	Jurie Smit
	-	Petra Ferreira
	-	Marie-Helene De Beer
31ste	-	Jan Stander
	-	Lourenza Holliday

Huweliksherdenkings

Maartmaand

20ste Paul en Esmé Van Bosch - 53jr

30ste Fanie en Ansie Van Niekerk - 56jr

Baie Geluk!



Donderdag 21 Maart	*Publieke vakansiedag*
Sondag 24 Maart	08:30 Erediens 18:00 Koinonia byeenkoms in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Donderdag 28 Maart	17:00 Stilnagmaal
Vrydag 29 Maart	08:30 *Goeie Vrydag* Nagmaal
Sondag 31 Maart	08:30 *Paasfees* Opstandingsdiens
Maandag 01 April	*Gesinsdag*
Woensdag 03 April *Skole heropen*	06:00 Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925 10:00 Bybelstudie in die Koinonia sentrum Dr Jean Strydom 083 572 4886 18:00 Griefshare in die Koinonia Dr Jean Strydom 083 572 4886

Wil jy graag diensbaar raak?

Die erediensversorgers benodig hande om te help met:

Opneem van dankoffers in die erediens.

Hulp met voorbereiding en bediening van Nagmaal.

Beurte roteer dus sal jy ongeveer elke ses weke aan diens wees.

Stuur WApp aan Gert Conradie by 078 648 7253
of kontak die kerkkantoor.

Dit is amper weer
Winter.....
Ons benodig hulp met
Die Brei van BEANIES &
Gebreide SOKKIES,
asook Fleece materiaal vir
SERPE
Vir behoeftige persone
Enige skenkings welkom
Ds. Louis Pienaar – 082 878 1743

Lidmate wat by dienste lewer:

Nutsman: Skakel Danie Coetzee by 072 733 1787.

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefooi vir pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

SUID Onderlinge Sorg

Mag u ‘n Geseënde Paastyd beleef!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit